



PRIVATE BAG X8 | 11 PASTORIE STREET | BELLVILLE 7535
PRIVAATSAK X8 | PASTORIE STRAAT 11 | BELLVILLE 7535
WESTERN CAPE | SOUTH AFRICA
WES-KAAP | SUID-AFRIKA
TEL: +27 21 957 7130 | FAX/FAKS: +27 86 524 1182
EMAIL/EPOS: info@badisa.org.za
WEBSITE/WEBTUISTE: www.badisa.org.za

.....
(Naam van Program)

'N PROGRAM VAN Badisa

Christelike Barmhartigheid/Christian Compassion
'n Gesamentlike bediening van die NG Kerk (Wes- en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland)
A Joint ministry of the DR Church (Western and Southern Cape) and URCSA (Cape)

GEREGISTREERDE ORGANISASIE SONDER WINSOOGMERK
REGISTRASIENOMMER: 011-891

HUISHOUDELIKE REËLS

Kragtens Artikels 4.1 en 10.3 van die konstitusie van Badisa,
funksioneer (naam van program) soos volg:

1. ARTIKEL 1 - NAAM

Die naam van die program is:
(Hierna 'die program' genoem)

Adres:
.....
..... (Poskode)

2. ARTIKEL 2 - GRONDSLAG EN MISSIE

2.1 Grondslag

Die program verrig sy taak in die gees en gesindheid van Jesus Christus, die Groot Barmhartige, en sy beleid is gegrond op die Woord van God.

2.2 Missie

Ons missie is:
.....
.....
.....

3. ARTIKEL 3 - DOELSTELLINGS

Die program se doelstellings is:

In geval van 'n Tehuis vir Ouer Persone, byvoorbeeld:

- 3.1 Huisvesting en 'n ondersteunende versorgingsdiens te bied aan verswakte en sorgbehoewende ouer persone volgens wetlike bepalings en aanvaarbare minimum norme en standaarde.
- 3.2 'n Christelike tuiste te voorsien deur gereelde geestelike ondersteuning.
- 3.3 Die verbruikers/inwoners so ver moontlik in te skakel by die gewone gemeenskaps- en kerklike lewe.
- 3.4 Om 'n holistiese program aan te bied wat op die fisiese, psigiese, emosionele en sosiale behoeftes van ouer persone gerig is.
- 3.5 Om aktief betrokke te wees in die gemeenskap by ontwikkelingsprogramme en ander projekte wat op ouer persone fokus.

In geval van 'n Dienssentrum, byvoorbeeld:

- 3.1 Om deur middel van skakeling, netwerke, koördinering en versorging die geïntegreerde dienslewering aan ouer en gestremde persone te ontwikkel en te bevorder volgens wetlike bepalings en aanvaarbare minimum norme en standaarde.
- 3.2 Om deur middel van ontwikkelingsprogramme ouer en gestremde persone in staat te stel en te bemagtig om solank as moontlik aktiewe en selfstandige lede van die gemeenskap te bly.
- 3.3 Om tuisversorgingsdienste aan ouer en gestremde persone in nood te voorsien en/of te bestuur.
- 3.4 Om aktief betrokke te wees in die gemeenskap by ontwikkelingsprogramme en ander projekte wat op ouer en gestremde persone fokus.

In geval van 'n Kinder- en Jeugsorgsentrum, byvoorbeeld:

- 3.1 Om ooreenkomstig die vereistes van registrasie as Kinder- en Jeugsorgsentrum, seuns en dogters op te neem, te versorg, behandel, beskerm, op te voed en geestelik weerbaar te maak. Om in die ontwikkelings-, terapeutiese behoeftes van kinders wat sorg en beskerming nodig het, te voorsien.
- 3.2 Om aktief betrokke te wees in die gemeenskap by ontwikkelingsprogramme en ander projekte wat op kinder- en gesinsorg gemik is.

In geval van 'n Maatskaplikewerk program, byvoorbeeld:

Die program se doelstellings is die lewering van dienste aan kinders en gesinne volgens Badisa se diensleweringmodel wat fokus op die voorkoming, vroeë intervensie, dienste deur statutêre prosesse en herintegrasië. Die behoud en versterking van gesinslewe en die beskerming van kinders is sentraal tot hierdie doelstellings:

3.1 Bewusmaking en voorkoming

Om Maatskaplike wanfunksionering te voorkom deur bewusmakings- en voorkomingsprogramme te loods aan teikengroepe wat kwesbaar is. Programme word in vennootskap met die gemeenskap gedoen. Teikengroepe word van soveel moontlike inligting voorsien ten einde verantwoordelike besluitneming en sosiaal aanvaarbare gedrag te bevorder.

3.2 Vroeë intervensie

Ontwikkelingsgerigte en terapeutiese programme word gerig op teikengroepe waar risiko's geïdentifiseer is.

3.3 Statutêre intervensie

Statutêre prosesse word gevolg om die kliënt te beskerm, te beveilig of in alternatiewe sorg te plaas.

3.4 Herintegrasië

Dienste wat op hierdie vlak gelewer word, het ten doel om die individu terug te plaas in sy/haar gesin en gemeenskap van oorsprong. Nasorg en ondersteuningsdienste word aan die individu en die gesin gelewer ten einde optimale en onafhanklike funksionering te verseker.

In die geval van 'n Dagsorgsentrum, byvoorbeeld:

3.1 Om bekostigbare dagversorging te bied aan kinders tussen 0 en 5 jaar. Die doel is om 'n koesterende, omgee en veilige omgewing te skep waarin kinders fisies gesond, geestelik waaksaam en emosioneel bevoeg kan wees; en waarbinne hulle kan leer en optimaal ontwikkel.

3.2 Om alle kinders met liefde en deernis te hanteer en te verseker dat alle emosionele- en/of ander probleme suksesvol aangespreek word, hetsy intern of deur verwysing na toepaslike terapeute en/of rolspelers.

3.3 Om die Christelike waarde- en norme sisteem te handhaaf, sodat die kinders geestelik begelei kan word tot 'n volwasse lewe in Christus.

3.4 Om aan die kinders gebalanseerde maaltye te verskaf om sodoende by te dra tot maksimale breinontwikkeling.

3.5 Om aan kinders 'n veilige omgewing te skep waarin ontwikkeling maksimaal kan plaasvind.

3.6 Om aan die kinders 'n daaglikse program van effektiewe stimulasie en ontspanning te bied, deur toegewyde personeellede wat goed toegerus is.

4. ARTIKEL 4 - AANWENDING VAN BATES

4.1 Die program sal sy inkomste en eiendom uitsluitlik ter bevordering van sy missie en doelstellings soos in Artikel 2 en 3 van hierdie Huishoudelike Reëls gemeld, aanwend. In geen omstandighede sal 'n gedeelte daarvan regstreeks of onregstreeks op enige wyse hoegenaamd oorgedra word ten einde iemand te baat, behalwe by wyse van die betaling ter goedertrou van 'n redelike besoldiging aan amptenare of werknemers.*

* Die Ledevergadering van 13 April 2005 het geoordeel dat honoraria aan Beheerraadslede, of kontant geskenke, in die lig van hierdie Artikel onaanvaarbaar is.

5. ARTIKEL 5 - DIE OPERASIONELE GEBIED (WERKSGBIED)

5.1 Die program bedien die volgende munisipale gebied (dorp(e)/gemeenskappe):

.....
.....
[Name van munisipale gebied (dorp(e)/gemeenskappe)]

6. ARTIKEL 6 - BEHEER EN TOESIG

6.1 Die beheer en toesig van die program word behartig deur 'n Beheerraad wat deur die Bestuursraad van Badisa benoem word, soos omskryf in Artikel 7.

6.2 Die program funksioneer onder beheer en toesig van Badisa.

6.3 Die Beheerraad is 'n subkomitee van Badisa en vir die doeleindes van die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, Wet Nr 71 van 1997 word.....
[Naam van Program] as 'n program van Badisa geregistreer.

7. ARTIKEL 7 - BEHEERRAAD

7.1 Samestelling

7.1.1 Die Beheerraad bestaan uit minstens sewe (7) lede.

7.1.2 Die Beheerraad word soos volg saamgestel:
Byvoorbeeld:

- [a] minstens x-getal en hoogstens x-getal wat die gemeenskap verteenwoordig en ook oor die nodige kundigheid beskik om die program te bestuur.
- [b] die Bestuurder/ Programkoördineerder van die program.
- [c] 'n verteenwoordiger van die inwoners/verbruikers van dienste van die program.

- 7.1.3 Die name van die genomineerde raadslede word aan die Bestuursraad van Badisa vir goedkeuring voorgelê. In geval van Dagsorgsentrums, Kinder- en Jeugsorgsentrums, Magdalenahuis, Maatskaplike Werkprogramme moet die genomineerdes ook 'n klaringsertifikaat indien wat aandui dat sy/ haar naam nie in Afdeling B van die Nasionale Kinderbeskermingsregister verskyn, of op die Nasionale Register vir Seksuele Oortreders nie. Verwys Artikel 118 van die Kinderwet, 38 van 2005, soos gewysig en Regulasie 14 (4)(e): Dagsorgsentrums/ Programme vir Vroeë Kindontwikkeling; regulasie 84 (4): Kinder- en Jeugsorg.
- 7.1.4 In die geval van programme wat dienste aan kinders en gestremde persone lewer: Geen persoon wie se naam op die Register vir Seksuele Oortreders is mag ingevolge die Wet op Seksuele Misdrywe, 32 van 2007 in die bestuur dien van 'n organisasie waar toegang tot kinders of gestremdes moontlik is nie. Persone moet op Vorm 7 van die Wet navraag doen of hul name op die register verskyn.
- 7.1.5 In die geval van programme wat dienste aan ouer persone lewer: In gevolge die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, mag geen persoon wat skuldig bevind is aan die mishandeling/ uitbuiting van 'n bejaarde en wie se naam in die registers verskyn, in die bestuur dien van 'n versorgingsinstansie vir ouer persone nie.
- 7.1.6 Beheerraadslede moet verkieslik nie in naaste familieverband met mekaar staan nie. (Dit wil sê man, vrou, kind, broer, suster, pa en ma)
- 7.1.7 Die Beheerraad kan gekoöpteerde lede benoem. Die gekoöpteerde lede is egter nie stemgeregtig nie
- 7.1.8 Die Beheerraad benoem 'n Ombudspersoon wat volgens 'n spesifieke mandaat optree. Die Ombudspersoon is egter nie 'n stemgeregtigde Beheerraadslid nie, maar woon vergaderings by op versoek van die Beheerraad.
- 7.1.9 Die Hoof Uitvoerende Beampte, of sy gevolmagtigde verteenwoordigers is ex officio lede van die Beheerraad.
- 7.1.10 Die Bestuurder/ Programkoördineerder van die program is lid van die vergadering, met volle stemreg, en sien toe dat die besluite van die vergadering uitgevoer word, tensy die vergadering anders besluit.
- 7.1.11 Die meerderheid van die Beheerraad moet verkieslik verteenwoordigers van die NG Kerk/VG Kerk wees. (50% + 1)
- 7.1.12 In die Beheerraad moet verteenwoordiging van die verbruikers van die diens ingesluit word.
- 7.1.13 Die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris word tydens die eerste Beheerraadsvergadering van die nuwe termyn verkies.

7.2 Ampstermyn

- 7.2.1 Die ampstermyn van die Beheerraad is *drie (3) jaar*. Om kontinuïteit te bewerkstellig, is dit wenslik dat minstens 50% van die lede herbenoem word vir die volgende termyn.
- 7.2.2 Die voorsitter sal nie vir meer as twee termyne agtereenvolgens as voorsitter dien nie.

7.3 Vakatures

- 7.3.1 Vakatures in die Beheerraad word deur die Beheerraad self aangevul vir goedkeuring deur die Bestuursraad van Badisa. (In die geval waar instansies persone genomineer het, moet daardie instansie ook persone vir die vakature benoem)


7.4 'n Beheerraadslid sal ophou om lid te wees, indien:

- 7.4.1 Die lid se naaste familielid, naamlik man, vrou, kind, broer, suster, pa en ma 'n personeellid van die program word.
- 7.4.2 Die persoon handelingsonbevoeg raak; óf
- 7.4.3 Die persoon se boedel gesekwestreer of oorgegee word tot voordeel van sy skuldeisers; óf
- 7.4.4 Die persoon skuldig bevind word, hetsy in die RSA of elders, aan diefstal, bedrog, vervalsing of enige dergelike misdaad; óf
- 7.4.5 Die persoon deur 'n bevoegde hof uit 'n vertrouensamp ontslaan is op grond van wangedrag; óf
- 7.4.6 Die persoon op enige aanklag skuldig bevind en veroordeel is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete.
- 7.4.7 Dit na 'n interne ondersoek blyk dat die persoon strydig opgetree het met die visie, missie, waardes en doelstellings van die organisasie/ program.
- 7.4.8 Die persoon van drie agtereenvolgende vergaderings sonder kennisgewing en grondige redes wegbly.

7.5 Magte en bevoegdhede van die Beheerraad

- 7.5.1 Die Beheerraad word, vir die uitvoering van die doelstellings, soos in Artikel 2 en 3 omskrywe, verantwoordelik gehou, asook vir die daaglikse bestuur van die program ooreenkomstig die beleid en prosedure raamwerk van die organisasie.
- 7.5.2 Beheerraadslede kan in hul persoonlike hoedanigheid aanspreeklik gehou word, indien hulle besluite neem of handeling uitvoer wat teenstrydig is met die beleid en prosedure van die organisasie. Hul bedanking as Beheerraadslid vrywaar hulle nie van hul aanspreeklikheid nie..

- 7.5.3 Die Beheerraad het die bevoegdheid om handeling te verrig en ooreenkomste aan te gaan wat normaalweg met die doelstelling van die program soos vervat in Artikel 3 vereenselwig kan word en wat insluit maar nie noodwendig beperk is tot die volgende nie, naamlik;
- 7.5.3.1 om gereeld verslag te ontvang van die personeel, en subkomitees indien van toepassing, ten opsigte van die dienslewering, sowel as finansies en menslike hulpbron aangeleenthede.
- 7.5.3.2 om self personeel aan te stel, behalwe die Bestuurder en Administratiewe Beampte/ Boekhouer wat in samewerking met die Bestuursraad/ Bestuursprogram van Badisa aangestel word. Uitkontraktering van boekhouding of enige ander kernbesigheid moet ook in oorleg met die Bestuursraad/ Bestuursprogram geskied.
- 7.5.3.3 om fondse in te samel, donasies en subsidies te ontvang en sodanige fondse aan te wend ooreenkomstig die program se doelstellings.
- 7.5.3.4 om kontrakte te sluit met/vir:
- Inwoners / kliënte onder andere, Diensvlak-, Huurooreenkomste;
 - Huur of aankoop van toerusting en voertuie;
 - Finansiering (byvoorbeeld. Dept Maatskaplike Ontwikkeling)
 - Dienslewering (byvoorbeeld. voedseldienskontraakteurs, verpleegsdienste);
 - Personeel
- 7.5.3.5 Kontrakte wat Beheerrade aangaan sal bindend wees indien:
- i) Die kontrak aangegaan is deur die persoon wat daadwerklik gemagtig is deur 'n resoluëie van die Beheerraad of bestuur van die program om die Beheerraad of bestuur te verteenwoordig met die aangaan van sodanige kontrak; en
 - ii) 'n Buitestaander deur die voorstelling van sodanige gemagtigde persoon daartoe beweeg is om die kontrak aan te gaan omdat hy/sy op die persoon se voorstelling gesteun het; en
 - iii) die Beheerraad nie deur die Badisa konstitusie of die Huishoudelike reëls van die bevoegdheid ontnem is om 'n kontrak van 'n bepaalde soort aan te gaan nie.
- 7.5.4 Die Beheerraad is verantwoordelik vir die gesonde finansiële bestuur van program in oorleg met die Bestuursraad van Badisa. Badisa stel self 'n ouditeur vir die program aan. Geouditeerde finansiële jaarstate moet jaarliks tydens die Jaarvergadering voorgelê word en aan Badisa besorg word.
- 7.5.5 'n Verslag van die jaar se werksaamhede moet ook jaarliks aan Badisa voorgelê word.
- 7.5.6 Die Beheerraad het nie die bevoegdheid om lenings of oortrokke bankfasiliteite aan te gaan nie. Toestemming hiervoor moet vooraf van die Bestuursraad van Badisa verkry word.



8. ARTIKEL 8 - SUBKOMITEES

- 8.1 Die Beheerraad benoem subkomitees, bestaande uit lede van die Beheerraad en indien nodig, gekoöpteerde lede. Verbruikers van die diens behoort verkieslik ook in die subkomitees te dien.
- 8.2 Subkomitees het nie besluitnemingsbevoegdheid nie en lê aanbevelings aan die Beheerraad voor vir goedkeuring.
- 8.3 Subkomitees word aangewys om spesifieke portefeuljes te hanteer, of om spesifieke projekte van die program te bestuur.

9. ARTIKEL 9 - VERGADERINGS

9.1 Beheerraad

- 9.1.1 Die Beheerraad vergader minstens een maal per kwartaal, verkieslik op die dag en datum soos by 'n vorige vergadering bepaal.

9.2 Kworum

- 9.2.1 Meer as die helfte van die lede sal 'n kworum wees. (50% +1)
- 9.2.2 Indien 'n vergadering nie genoeg raadslede het vir 'n kworum nie, moet daar ten minste 5 werksdae kennis gegee word vir 'n volgende vergadering. By hierdie vergadering sal die aanwesiges dan 'n kworum vorm.

9.3 Sakelys

- 9.3.1 Skriftelike kennisgewing van 'n gewone vergadering moet al die lede minstens 5 (vyf) dae voor die vergadering bereik.
- 9.3.2 Op 'n gewone vergadering mag alleen daardie sake behandel word wat op die sakelys voorkom, tensy die vergadering met 'n meerderheid van stemme verlot gee dat ook ander sake behandel mag word.
- 9.3.3 Van lede word verwag om vergaderings gereeld by te woon. Indien 'n lid nie teenwoordig is nie, moet hy/sy die voorsitter of die sekretaris in kennis stel.
- 9.3.4 Geen lid van die Beheerraad sal enige direkte of indirekte belang hê of voordeel trek uit enige kontrak wat die Beheerraad mag aangaan met enige maatskappy nie.
- 9.3.5 Besluite wat eenmaal geneem is, mag nie anders as na voorafgaande kennisgewing in revisie gebring word nie. Indien geen beswaar daarteen ingebring word nie, kan 'n besluit egter op dieselfde vergadering waarin dit geneem is, in revisie kom.

9.3.6 'n Buitengewone vergadering van die Beheerraad word belê óf deur die voorsitter, indien hy dit nodig ag, óf wanneer drie (3) lede van die program daarom aansoek doen met skriftelike melding van die saak vir behandeling, óf deur die Beheerraad self as 'n dringende, spoedeisende saak dit noodsaaklik maak.

9.3.7 Op 'n buitengewone vergadering word slegs daardie sake behandel waarvoor die vergadering byeengeroep is.

9.4 Notule

9.4.1 Notules word van die Beheerraadsvergaderings gehou. Afskrifte word binne veertien (14) dae na afloop van 'n vergadering aan lede en Badisa bestel. Veranderinge in notules aangebring, moet volledig in die volgende notule opgeneem word en deur die Beheerraad bekragtig en goedgekeur word.

9.5 Dagbestuur

9.5.1 Die Dagbestuur bestaan uit vier (4) lede, naamlik die voorsitter, ondervoorsitter en een addisionele lid, asook die sekretaris, ampshalwe om:

9.5.1.1 Opdragte van die Beheerraad uit te voer; en

9.5.1.2 Spoedeisende beleidsake af te handel met verslag aan die Beheerraad.

9.5.1.3 Die Dagbestuur is ook 'n komitee van die Beheerraad en besluite van die Dagbestuur moet voorgelê word aan die Beheerraad vir goedkeuring.

9.6 Algemene Jaarvergadering

9.6.1 Die Algemene Jaarvergadering moet elke jaar binne ses (6) maande na 31 Maart gereël word.

9.6.2 'n Jaarverslag, sowel as geouditeerde state, moet aan Badisa voorgelê word.



10. ARTIKEL 10 - FONDSE

10.1 Die program verkry sy fondse uit subsidie, donasies, bemakings en fondsinsamelings.

10.2 Wanneer van die dienste van 'n fondsinsamelaar gebruik gemaak word om bydraes in te samel, mag die onkoste (vergoeding en/of kommissie ingesluit) nie meer as 40% van die totale omset van die insameling beloop nie.

10.3 Die Beheerraad mag alle finansiële bates wat die program toeval of bekom, belê of daarmee handel en depositorekeninge open en bedryf, slegs by geregistreerde finansiële instellings, soos omskryf in Artikel 1 van die "Financial Services Act, 1990" en in aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs in gevolge "The Security Services Act, No 36 of 2004, omskryf en genoteer is.

10.4 Die finansiële jaar van die program begin op 1 April van elke jaar en eindig op 31 Maart van elke jaar.

 9 

10.5 Boekhouding van die program se fondse sal geskied ingevolge algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk en sal jaarliks geoudit word.

10.6 Alle finansiële transaksies sal deur middel van 'n bankrekening by 'n geregistreerde finansiële instelling aangegaan word.

11. ARTIKEL 11 - WYSIGINGS VAN DIE HUISHOUELIKE REËLS

11.1 Enige wysigings aan die Huishoudelike Reëls kan slegs deur 'n twee-derde meerderheid van die Beheerraad of Bestuursraad by die Ledevergadering van Badisa aanbeveel word.


11.2 Wysigings aan die Huishoudelike Reëls moet voorgelê word aan die Ledevergadering van Badisa vir goedkeuring.

12. ARTIKEL 12 – ONTBINDING VAN PROGRAM

Wanneer die program ontbind en nie meer langer as 'n program van Badisa voortbestaan nie, word daar volgens 'n proses soos bepaal deur die Ledevergadering/ Bestuursraad gehandel. Die bates en laste word oorgedra aan die Ledevergadering/ Bestuursraad as regspersoon wat dit na goed denke hanteer.

GETEKEN TE *Bellville* OP HIERDIE *21ste*

DAG VAN *Februarie* 20...*17*...


.....
VOORSITTER


.....
SEKRETARIS